NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 22
11 Junie 2026

# Digitale bronne in die NHKA

**Wanneer ons na die besigheidswêreld kyk, sien ons onmiddellik die belangrikheid van tegnologie raak. Besighede belê baie hulpbronne en tyd daarin. Hoe dan nou anders? Oral rondom ons word tegnologie gebruik en verbeter. Maar waar bevind die NHKA haarself te midde van dié tegnologiese ontploffing?**

Die NHKA doen moeite om erns te maak met lidmate se behoefte om tegnologie in hul lewens te benut. Dink maar net aan die gebruik van video's, die ekstranet en sosiale media.

Vandag wil ons graag 'n nuwe projek aan u bekendstel wat die skatkis van die Kerk se bronne wil herontdek. Die Sentrum vir Reformatoriese Teologie (SRT) het skandeerders aangeskaf om sekere boeke en dokumente te skandeer wat vir lidmate en predikante van belang en waardevol is. Die elektroniese weergawes word dan beskikbaar gestel vir elkeen wat daaraan 'n behoefte het. Die projek is reeds geloods en die uitset daarvan sal mettertyd groei. Ons wil u solank aanmoedig om die bronne wat reeds beskikbaar is, te benut.

Die algemene skakel na plasings van die NHKA op die platform *Internet Archive* is ***hier*** (**https://archive.org/details/@nhka_argief/uploads**) beskikbaar.

Vir 'n meer gefokus soektog, kan u die volgende skakels volg:

- Klik ***hier*** vir die skakel na die ***Bybelse Dagboek* en *Almanak*** van die NHKA.
- Klik ***hier*** vir die skakel na **boeke** wat uitgegee is deur die NHKA.
- Klik ***hier*** vir die skakel na die **notules van die Algemene Kerkvergadering**.

Die Kerkargief is sedert 2016 reeds besig met digiteringsprojekte. Raadpleeg gerus hierdie bronne op die Kerk se webwerf vir **gemeentes se gedenkbundels, die *Hervormer*, doop- en lidmaatregisters.** U sal dit vind onder die opskrif *Beskikbare elektroniese skakels vir navorsing.* U kan ***hier*** klik vir maklike toegang.

Die SRT, in samewerking met die Kerkargief, is baie opgewonde om op hierdie manier ons Kerk se bronne meer toeganklik te maak en sodoende ook ons bronne te herontdek. Indien u meer navrae het, is u welkom om 'n e-pos aan my, **waldo@nhk.co.za**, te stuur met die navraag. U is ook welkom om my te kontak indien u bewus is van 'n boek wat deur die NHKA uitgegee is (onder andere KITAL, SENTIK, NHW-Pers of sekere HAUM-publikasies) wat u graag elektronies wil lees.

Daar sal later 'n vollediger artikel in die *Hervormer* volg. Intussen kan u solank die skakels volg en lekker lees!

**Ds Waldo Pretorius**
**(Ventersdorp/SRT en Argief-Biblioteek Digiteringsprojek)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word


Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed



Ds Kotie Mc Donald

- **Die Kommissie van die AKV** het tydens hul onlangse vergadering kennis geneem van die volgende sake rakende lief en leed:
  - **Ds JJ (Kotie) McDonald** is op 4 Junie 2026 in haar slaap oorlede. Sy sou 9 Junie 68 jaar oud geword het. Die troosdiens is DV op **Dinsdag 16 Junie 2026 om 11:00** in **Midstream Familiekerk** en word deur ds Hennie Retief gelei.
  - **Ds AJH (Jakkals) Janse van Rensburg** se broer is vroeër vanjaar oorlede. Ons betuig ons innige simpatie met sy afsterwe.
  - **Ds IL (Innes) Benade** het op 28 Mei ’n mediese prosedure ondergaan en dit gaan reeds aansienlik beter met hom. Ons wens hom alle voorspoed toe en vertrou dat hy gou volkome sal herstel.
  - **Ds TF (Thomas) Dreyer** (Wapadrant) is tans in hoësorg opgeneem. Ons dink aan hom en vertrou dat hy spoedig sal herstel.
  - **Ds L (Leon) Geel (sr)** het tydens ’n onlangse doktersbesoek ’n gunstige gesondheidsverslag ontvang. Ons is dankbaar oor die goeie nuus en wens hom voortgesette gesondheid en krag toe.
  - **Ds RL (Richard) van der Westhuizen** het onlangs ’n suksesvolle oogprosedure ondergaan. Ons wens hom ’n voorspoedige herstel en voortgesette welstand toe.
  - **Di JT (Jimmy) Manders** en **JM (Janine) Bevolo-Manders** se dogter, **Timoné**, het haar graad BCom (Rek) met lof verwerf. Hartlik geluk aan die ouers met hierdie besondere prestasie.
  - Gemeentes vanaf die Oos-Kaap tot in George, asook lidmate van Jeffreysbaai, het groot skade gely as gevolg van die onlangse storms in die ringsgebiede van Oos-Kaapland, Swellendam en Wes-Kaapland. Ons waardeer opreg die ondersteuning wat die Diakonale Hulpfonds gebied het.



Timoné Bevolo-Manders

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Junie. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.**
  - Saterdag 13 Junie: Prof MJ du P (Bieks) Beukes (emeritus)
  - Sondag 14 Junie: Ds GFJ (Gert) Beukes (emeritus)
  - Maandag 15 Junie: Prof RA (Rudy) Denton (emeritus/Grimbeekpark/dosent)
  - Dinsdag 16 Junie: Dr JHL (Jan) Truter (emeritus/Letsitele)
  - Donderdag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (emeritus), en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg)
  - Vrydag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (Waterberg)

## Gemeentes en bediening



Ds Louw van der Linde

- **Ds LJ (Louw) van der Linde** (beroepafwagtend) het die beroep na **Gemeente Kempten** (deeltyds) aanvaar.

- **Gemeente Dolfynkus** het ’n behoefte aan **Liedboeke**. Kontak asseblief vir ds Denise Schmidt by 084 600 0448 of **denise7zcj@gmail.com** indien u kan help.

- **Gemeente Pretoria: erfenisprojek**. Sedert die stigting van Gemeente Pretoria in September 1855 en Gemeente Wonderboom-Suid in 1970 het die Here ons gemeentes se pad oor geslagte heen geweef. Nou kry hierdie ryk geskiedenis ’n nuwe gestalte. Gemeente Pretoria is tans besig met ’n besonderse projek om die konsistorie en saal te verfraai. As deel hiervan wil ons ons verhaal op ’n visuele en betekenisvolle manier uitbeeld.

  Ons nooi lidmate hartlik uit om deel van hierdie erfenisprojek te word deur foto’s en gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Ons is veral op soek na **informele foto’s** van die pastorie, kerkgeboue, bouprojekte, en geleenthede soos basaars, troues en begrafnisse. Ons sal veral foto’s waardeer waar die kerk en ons omgewing sigbaar is.

  Jy is welkom om oorspronklike foto’s te skenk, of dit aan ons te leen sodat ons dit kan skandeer. Alternatiewelik kan foto’s self geskandeer word teen hoë resolusie in JPG-formaat. **Kort beskrywings en langer onthoustories** is meer as welkom.

**Kontak gerus die kerkkantoor** by 081 000 5818 of per e-pos **Kantoor@kerkteendieberg.co.za** vir verdere reëlings. Ons wil graag die foto's en ander dokumente en gedenkwaardighede teen einde Julie ontvang. Kom help ons om die geloofsverhale van gister vas te vang, sodat dit môre nog kan getuig.

## Vergaderings

- Vrydag 26 Junie: Beleggingskomitee


## Kerklike en ander publikasies







## Kom kyk saam




- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur Anushke Muller. *Ctrl*-klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

- Skakel saam in by 'n indringende verkenning van verskeie omstrede hoofstukke in die Afrikaanse susterskerke se geskiedenis – van apartheid en kerkeenheid tot seksualiteit en die vrou in die amp. Het hierdie kwessies uiteindelik tot kerkskeuring gelei? *Ctrl*-klik ***hier*** om na die advertensie te kyk. Moenie **#InGesprekOnthul** misloop nie: **Maandag, 15 Junie** om **20:00** op **#kykNET** (DStv-kanaal 144) of stroom dit op **#DStvStream**.

## ’n Gedig

**Winternag**

O koud is die windjie
en skraal.
En blink in die dof-lig
en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.

O treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van ’n meisie
in haar liefde verlaat.
In elk’ grashalm se vou
blink ’n druppel van dou,
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou!

**Eugène Marais**

https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-winternag/

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 11 Julie | Kom speel gholf saam met **Gemeente Welkom**. Hul **gholfdag** vind by Brand Mashie Gholfklub plaas. Afslaantye is 08:00 vir 08:30 of 12:00 vir 12:30. Kostes beloop R250 per persoon. **Kontakpersone:** Tristan (063 903 1152), Donna (082 339 0939), ds Anel (082 299 2044) of Karin (072 555 5667). |
| 25 Julie vanaf 12:00 | **Gemeentes Vanderbijlpark & Rietspruit se Hoenderkarnaval:** Kom geniet ’n hoenderspyskaart van formaat! Voorgereg: hoendersop, hoofgereg: ’n halwe hoender, twee groentes, rys en nagereg: gebakte poeding en vla. Kuier saam by die kerk of kom kry ’n wegneemete. Kostes: R150 vir volwassenes en R100 vir kinders onder 12. Ander aktiwiteite sluit in stalletjies, skyfskiet, veerpyltjies, springkasteel, tuisbedryftafel en vele meer. **Kontak** ds Errol by 083 455 6922 of Sampie by 082 634 5646. |
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die diens en herstel van die orrel. Kostes: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van ’n mini-basaar aanneem. Kaartjies is beskikbaar by die kerkkantoor (012 460 8441). |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop ’n **lootjie** teen R100 en staan ’n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur ’n **inbetaling** in die gemeente se bankrekening te doen. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie (082 839 5669) gestuur word om u kaartjienommer te ontvang. |




## SP Engelbrecht-museum




## Toerusting




## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Vader, ons dank U vir die nuwe lewe waaraan ons deel kan hê
deur die geloof in u Seun, Jesus Christus.
Ons dank U dat Hy ons met sy bloed losgekoop het
uit die mag van die sonde en die dood.
Ons dank U dat ons u ewige heerlikheid kan verwag
en dat ons nou reeds hier op aarde u volk kan wees
en u verlossingsdade kan verkondig.

Ons bid Vader, dat U ons sal help om aan U getrou te bly.
Help ons om ons nie te laat afskrik deur lyding
wat ook ons deel mag wees omdat ons glo nie.
Help ons om in nederige afhanklikheid U te eer
as die Heer van ons lewe.

Vergewe ons ook al ons sonde om Jesus Christus ontwil.
Amen.

Uit: *Bybelse Dagboek*, 16 Junie1990



Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger